GEVAARLIK: Minister Albert Fritz praat oor die probleme van fetale alkoholsindroom. Langs hom is Leana Olivier van Farr. Foto's: PETER ABRAHAMS

DRANK, BABAS 'DIS 'N KRISIS

S.A. het hoogste syfers – studie

BABAS wat met fetale alkoholsindroom (Fas) gebore is, is 'n humanitêre krisis in Suid-Afrika.

So sê dr. Robert Macdonald, hoof van die Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling, ná 'n studie van drie jaar oor Fas wat aan die Weskus gedoen is.

Leana Olivier, CEO van die Foundation for Alcohol Related Research (Farr), die Wes-Kaapse minister van maatskaplike ontwikkeling, Albert Fritz, en die projekbestuurder van Farr, Jaco Louw, het gister saam met Macdonald die bevindings bekend gemaak.

Macdonald het gesê vroue weet nie altyd of hulle verwagtend is nie en drink dan voort.

LEON BONTHUYS
leon.bonthuys@son.co.za

"Dis 'n humanitêre krisis.

"Duisende kinders word gebore met swak vermoëns.

"Die impak wat dit later op hul lewens het, is in baie gevalle baie erg en dit kos baie geld om te help."

Volgens Fritz het ouers ingestem tot die navorsing.

"Ons het in samewerking met die departement van onderwys gr. 1-leerlinge van 14 skole mediese toetse laat ondergaan.

"Altesame 1 452 van die 1 535 kinders is in die eerste fase gesien.

"In die eerste fase van Fas is psigologiese toetse gedoen en terugvoer en berading is aan die kinders en ouers gegee."

Volgens Olivier is bevind die voorkoms van Fas aan die Weskus is 64 uit elke 1 000 kinders.

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN
32369
SÊ ONS!

"Ander studies is ook onlangs gedoen in Kimberley, die Witzenberg-area en De Aar en dit wys (die voorkoms van) Fas is die hoogste in die wêreld."

Bevindings het ook gewys die meeste mense is bewus van die fetale alkoholsindroom en programme is ook deur maatskaplike ontwikkeling in plek gesit om te help.

Die Saldanha-kliniek, Louwville-kliniek, Diazville-kliniek en St. Helenabaai-kliniek is ook geïdentifiseer waar die Healthy Mother Healthy, Baby-programme (HMHB) aangebied word.

Volgens Olivier is die outydse dopstelsel nie meer 'n probleem nie, maar shebeens is nou die groot probleem.

Sy het gesê hulle het ook vergaderings met dranklekke om die gevare van drank na vore te bring.

KRISIS: Dr. Robert [illegible] nald praat oor die [illegible] van verwagtende vro[illegible] drink.